Liefde vir musiek gekweek



Die musiekprogram "Musiek vir ons kleintjies" wil 'n passie vir musiek by jong kinders kweek en ontwikkel.

Sonder musiek sou die lewe heelwat armer wees. Om jou kind dus van jongs af aan die vele aspekte van musiek bloot te stel, is iets waarna die meeste ouers streef.

Dit is presies wat 'n ma-en-dogter-span, Anna Coetzee en dr. Lydia Dreyer, hulle ten doel stel met hul musiekprogram Musiek vir ons kleintjies waarmee 'n passie vir musiek by kinders van een tot ses jaar gekweek en ontwikkel word.

Omdat musiek nie meer 'n verpligte deel van die skoolleerplan vorm nie, was dit vir dié twee vroue noodsaaklik om dié belangrike aspek van 'n kind se ontwikkeling te laat voortleef. Hulle glo musiekontwikkeling behoort voortdurend aandag te kry om ons ontwikkeling as mense én wisselwerking met andere te bevorder. Met die program "Musiek vir ons kleintjies" bied, word aandag gegee aan alle aspekte van die natuurlike musikale vermoëns waarmee kinders gebore word.

Dié twee vroue wil ook graag ander vroue wat passievol oor kinders en musiek is, bemagtig. Deur betrokke te raak by "Musiek vir ons kleintjies" se netwerk van musiekskole, kan vroue, binne 'n buigsame program, hul eie inkomste genereer.

Navrae: *Anna Coetzee, selfoon 083 452 0486 of Lydia Dreyer, selfoon 083 458 8439. E-pos:* ***musicsa@samusicschool.co.za. Webwerf: www.samusicschool.co.za.***

HART TOT HART

Voertuie van genade (2)

DEUR ds. Kobus van der Westhuyzen

Verlede week het ons gesels oor die misterie van genade. Ons kan dit nie verklaar nie, maar ons leef daaruit. Vandag wil ons gesels oor die "voertuie van Gods genade". Dié kosbare gawe wat ons van God ontvang het, mag ons voluit geniet. Meer nog: Jy móét dit voluit geniet, want dit is aan ons gegee – verniet gegee – om te geniet.

Maar dit beteken verseker nie dat ons dit hebsugtig moet geniet nie. Dis ook bedoel om aan ander uit te gee en die wonder daarvan is dat dit nie minder word as jy daarvan weggee nie. Dit word eerder méér en kom tot groter wasdom in jou eie lewe.

Die gestalte wat Gods genade in 'n mens aanneem, kan groei óf kwyn. Met betrekking tot die groei in die genade, vergelyk die Psalmis die regverdige met 'n palmboom en 'n seder wat kragtig groei en selfs in hul ouderdom nog sal toeneem in krag. (vgl. Psalm 92:13-15.) Die skrywer van die Hebreërsbrief vermaan ons om nie stil te staan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar om te groei na die volle inhoud van die evangelieboodskap. (vgl. Hebr. 6:1.)

Wie die genade reg beleef, sal weet dat dit nie bedoel is om selfsugtig vasgehou te word nie. Gods kinders is nie opgaardamme van genade nie, maar leivore, kanale wat ander met Gods genade bedien. Paulus skryf soos volg aan die Korintiërs: "As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie." (II Kor. 6:1.)

Dis skokkend om te hoor dat 'n mens ook van die genade afvallig kan word. (vgl. Hebr. 12:15.) Ja, jy kan dit ook misbruik as 'n dekmantel om losbandig te lewe. (vgl. Judas:4.)

As jy byvoorbeeld in 'n verkeerde lewe volhard en jouself dan telkens regstel met die verklaring dat God 'n genadige God is wat maklik vergewe, dan misbruik jy die genade om verkeerd te lewe.

Dit is wél so dat Paulus se woorde aan die Romeine vasstaan, naamlik "as God een maal aan mense Sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie," (Rom 11:29), maar dié versekering moet ons juis sterk maak om nie goedkoop om te gaan met Gods genade nie.

Word sélf ryk en maak ander ryk deur die genade wat God aan jou geskenk het.